

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE KERSFEES TRADISIE

Nota:

Omrede hierdie artikel meesal aan mense gestuur word wat nog vasgevang is in die kersfeestradisie, gebruik ek die “Name” (titels) van God waarmee die meerderheid Christene bekend is, naamlik: *God, die HERE* en *Jesus Christus*. Ek wil die leser egter daarop wys dat hierdie nie die ware Name van God is nie. Die Naam van God die Almagtige word in Hebreeus geskryf as יהוה en getranslitereer as YHVH (Yahuah). Hierdie Naam word meer as 7 000 keer in die Skrifte (Bybel) gebruik, maar word as *die HERE* vertaal. Die Messias se ware naam is Yeshua – in Hebreeus geskryf as ישוע – Yeshua Messias (Die Gesalfde Een).

*Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleet saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?** Spr. 30:4.*

Hierdie skrywe se doel is nie om mense te oordeel nie, maar 'n poging om die waarheid bekend te maak. Ek respekteer die siening van elkeen wat besluit om steeds Kersfees te vier. Hierdie is 'n saak waarvoor elkeen self moet besluit.

Tradisie opsigself is nie verkeerd nie. Die probleem is egter wanneer tradisie strydig is met die bevele (wet, insettinge en verordeninge) van die Almagtige. Dan word tradisie 'n gruwel in die oë van God, veral as die tradisie gebruik word om die Here te vereer. In so 'n geval geld die die woorde van Messias toe Hy gesê het:

Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooië van mense is.
Matt. 15:8 en 9

Dit is 'n geskiedkundige feit dat Kersfees vir die eerste keer gedurende die derde eeu na Messias gevier is en dat dit later deur die Roomse Kerk as die geboortedag van Jesus verklaar was.

In part, the Christmas celebration was created by the early Church in order to entice pagan Romans to convert to Christianity without losing their own winter celebrations. Most of the most important gods in the religions of Ishtar and Mithra had their birthdays on December, 25. Various traditions are considered to have been syncretised from winter festivals Wikipedia - Christmas

Kersfees is dus 'n mensgemaakte tradisie en daarom het die vier van Kersfees geen Bybelse grondslag nie. Die Apostels en Kerk het in die eerste twee eeue na Messias nie Kersfees gevier nie.

"Christmas was not among the earliest festivals of the church... the first evidence of the feast is from Egypt." (Catholic Encyclopedia, 1911 ed.)

Geen Bybelse bewys kan gevind word dat ons Hemelse Vader die viering van die geboortedag van Sy Eersgebore Seun goedkeur nie. Hoekom sal Hy dit goedkeur, veral in die lig van die oorsprong van Kersfees en in die lig van die feit dat Sy Seun nie op die 25 Desember gebore was nie?

Dit is juis ten opsigte van bogenoemde waar die probleem met die viering van Kersfees lê. Die oorsprong van Kersfees word gevind in afgodery en was 'n heidenfees wat reeds eeue voor ons Messias in verskillende dele van die wêreld gevier was. In Rome was hierdie fees die viering van die geboorte van die onoorwinnelike son, bekend as die Fees van Saturnalia. Die Roomse Kerk het hierdie fees 'n Christenkarakter gegee deur dit die geboortedag van Jesus te maak. 'n Magdom feitelike inligting as bevestiging hiervan is beskikbaar. Die meerderheid gelowiges wat volhard in die viering van Kersfees is wel hiervan bewus, maar verkies om dit te ignoreer of af te maak as nie belangrik nie.

Tweedens is talle gelowiges bewus daarvan dat ons Messias nie op die 25 Desember gebore was nie. Die presiese geboortedatum van ons Verlosser is nie bekend nie, maar die meerderheid kundiges is dit eens dat dit gedurende September tot Oktober was. Die vraag is: Hoekom wil ons die verjaarsdag van iemand vier op 'n dag wat hy nie gebore is nie? Waarskynlik is die geboortedatum van Jesus onbekend en nie belangrik nie, omrede die Jode van daardie tyd nie verjaarsdae gevier het nie. Verjaarsdae was nie belangrike datums nie, maar sterfdatums was wel gedenk. Dit word bevestig deur die feit dat ons die datum van die kruisiging van Jesus weet, maar nie Sy geboortedatum nie. Daarom is die opdrag om die dood en opstanding van ons Messias te gedenk en wat ons telkens dan ook doen wanneer ons Paasfees (Pasga) gedenk.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat Kersfees 'n mensgemaakte tradisie is. Dit is nie 'n fees wat deur God die Vader ingestel was nie. Soos reeds genoem, is tradisies nie verkeerd nie, mits dit nie strydig is met die wet (die Torah) van God nie. Kersfees is egter 'n mensgemaakte tradisie wat 'n oortreding van die tweede gebod is, naamlik:

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloesse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. Ex. 20:4 tot 6

Hierdie gebod verwys nie net na 'n afbeelding van 'n persoon of na 'n voorwerp wat aanbid word nie, maar dit verwys ook na enige vorm van vals aanbidding en mensgemaakte wyse van aanbidding en verering van die Almagtige.

Kersfees is 'n ver-Christende afgodsfees. Derhalwe is die tweede gebod hier van toepassing en word hierdie gebod onderstreep deur verskeie Skrifverwysings wat gelowiges verbied om enigsins met afgodery te doen te hê.

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

2 Kor. 6:16 tot 18.

En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; Jy moet daar heeltmal 'n afsku van hê en dit geheel en al as 'n gruwel beskou; want dit is onder die banvloek. Deut. 7:26.

Talle Christene het egter 'n afgewaterde en onverskillige siening van afgodery. Dit ten spyte van die ernstige waarskuwing soos vervat in die tweede gebod en ander Skrifgedeeltes. Die mees algemene verskoning wat aangevoer word om voort te gaan met Kersfeesviering is: *Ek steur my nie aan hierdie afgodery nie, want ek vereer Jesus, asook: My bedoelings is opreg en God sal dit verstaan.*

Die mens se siening van afgodery is egter nie belangrik nie. Dit is hoe die Almagtige afgodery sien wat vir elkeen van uiterste belang moet wees. Afgodery is 'n gruwel in die oë van die Here en sal gestraf word.

So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen.

Deut 12:31

Kan ons regtig verwag dat God die Vader ons goeie bedoelings moet verstaan indien dit teenstrydig met Sy wil is? Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Jy kan opreg in jou bedoelings wees, maar jy kan opreg verkeerd wees en sondig. Hierdie les het Saul geleer nadat hy die Amalekiete verslaan het. Sy goeie bedoelings met die offerhande van dit wat God met die banvloek getref het, het hom sy koningskap gekos. Ons Vader vereis allereers gehoorsaamheid (1 Sam. 15:21 tot 23). Volgens hierdie Skrif beskou Hy ongehoorsaamheid as sonde gelykstaande aan waarsêery en afgodediens.

Die meerderheid Christene wat Kersfees vier, het ywer vir die Here. Hulle vrees Hom, maar weier om in alles gehoorsaam te wees.

Hulle het die HERE gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waar hulle vandaan weggevoer is. 2 Kon. 17:33.

Wat staan ons as Christengelowiges dan te doen ten opsigte van die viering van Kersfees? Hou op om hierdie fees te herdenk en dit 'n Christenfees te noem! Moenie probeer om Christus terug te plaas in Kersfees nie, want Hy was nooit deel van Kersfees nie. Hou op om deel te wees en deel te neem aan al die gebruike en tradisies, die meeste waarvan direk met afgodery verbind kan word. Laat ons ook ons kinders opvoed in hierdie waarheid.

Die 25 Desember gaan egter as vakansiedag op ons kalender bly. Kom ons gebruik die geleentheid as 'n dag waar familie en vriende saam kan wees in dankbaarheid vir ons Hemelse Vader se liefde vir ons, en ons liefde vir Hom en vir mekaar. Gebruik die geld wat jy op geskenke sou spandeer het vir die uitbreiding van die Hemelse Koninkryk.

Hierdie skrywe se doel is nie om mense te oordeel nie, maar 'n poging om die waarheid bekend te maak. Ek respekteer die siening van elkeen wat besluit om steeds Kersfees te vier. Hierdie is 'n saak waar elkeen self oor moet besluit.

Die oorsprong van Kersfees word meer volledig beskryf by:

<http://nuweliëd.info/wp-content/uploads/2012/02/KersfeesMisleiding.pdf>

Ontvang YHVH (Die Here) se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete
Johan

E-pos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.